CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL: 7 SOMER 2009

Pamflette inspireer gevangene

Die terugvoering van die ongelooflike verrykende uitwerking wat CLF se pamflette op mense se lewens het, is daagliks die bewys watter verskil hierdie leesstof werklik in mense se lewens maak.

Mense van regoor die land in vele situasies en omstandighede maak gebruik van die pamflette, hetsy op persoonlike of individuele basis, of deur middel van uitreikaksies.

Een so 'n persoon is Charl Strydom, 'n oud-gevangene wat gedurende sy tyd in die korrektiewe sentrum 'n wesenlike verskil gemaak het in die lewens van mense om hom. Met die lees van die pamflet, *Vergifnis*, het hy besef dat die pamflet 'n hulpmiddel sal wees vir diegene teenoor wie daar oortree is en het hy begin met 'n uitreikaksie na mense buite die gevangenis.

Charl het eerstens onder sy medegevangenes gewerk en hulle bearbei om aan die teenoor wie hulle oortree het te skryf en om vergifnis te vra en dan die pamflet saam te stuur. Charl moes gereeld pamflette by CLF bestel omdat hy nie kon voorbly om die pamflet te voorsien soos gevangenes uitgereik het na buite nie.

Charl sê CLF se pamflette het vir hom baie beteken, juis omdat hy gesien het watter verskil dit aan ander gevangenes gemaak het. "Dit was ook 'n groot deel van my eie bekeringsproses omdat dit my sienswyse en persoonlike gevoelens verander het."

"Die vergifnis van die persoon teenoor wie ek oortree het, is iets wat ek nooit sal vergeet nie. En die lektuur van CLF het 'n groot rol daarin gespeel. Nie net was die voorkoms mooi nie, maar die inhoud was so treffend dat ek nie anders kon as om die pamflet aan haar te stuur nie. Dit het die absolute gewenste uitwerking gehad en sy het my vergewe. Na my vrylating het ek haar besoek en sy het dit aan my bevestig en die hele gemeenskap kan sien dat daar versoening tussen ons is."

Oud-gevangene Charl Strydom met omroeper Bernadette Swartz tydens sy radio-onderhoud.

Charl beoog om steeds voort te gaan met lektuurbediening deur by gemeenskapsgeleenthede CLF se pamflette uit te deel.

Sy fokus bly egter die Vergifnispamflet, "omdat dit so moeilik is vir die mensdom om mekaar te vergewe."

Hierdie merkwaardige terugvoering is slegs moontlik omdat daar mense daar buite is wat saam met ons glo in ons droom - om die Boodskap van die Bybel na almal te neem, in hul eie taal.

Met u ondersteuning kan ons voortgaan om mense te bemoedig en te verryk met God se Woord.

Dankie dat u deel uitmaak van hierdie grootse lektuurbediening.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Twee belangrike leiers tree uit

Twee besondere en bekende leiersfigure, wat oor baie jare diep spore in CLF getrap het, het uitgetree.

Mnr Gerrit Lotz, wat sedert 1996 Hoofbestuurder van CLF was, het teen die einde van 2008 die diens van CLF verlaat. Mnr Lotz was 'n bekwame bestuurder wat 'n groot rol gespeel het om CLF uit te bou tot 'n kompeterende instansie in die moderne drukkersbedryf.

Mnr Lotz was veral 'n knap finansiële bestuurder en 'n spesialis in bemarking. CLF as fonds het in sy termyn as bestuurder geweldig gegroei. Hy het CLF ook gelei in die verhuising vanaf Bloemfontein na Wellington en veel daartoe bygedra om CLF in Wellington te vestig. Hy het eerlike kommunikasie met die donateurs hoog op prys gestel. CLF erken met groot dank die reuse rol wat hy gespeel het.

Ds Japie du Plessis, bekende leraar en leierfiguur op vele terreine van die kerklike wêreld, het onlangs uitgetree as lid van CLF Beheerraad. Ds Du Plessis was 'n stigterslid van CLF en het hierdie instansie oor al die jare met bekwaamheid en lojaliteit gedien. Hy was lank op die beheerraad en vanaf 1995 tot 2004 was hy voorsitter van die Beheerraad. Deur sy visioenêre leiding en met sy groot ywer en kenmerkende styl het Oom Japie die verpersoonliking van CLF se ideale en strewe geword. Sy reuse bydrae word met groot waardering en dankbaarheid erken. CLF wens hom en sy lojale eggenote, tannie Moira, 'n welverdiende en rustige tyd van aftrede toe.

Christelle Vorster is die nuwe Bestuurshoof van CLF. Sy is nie 'n onbekende nie aangesien sy al vir meer as 'n jaar die finansiële kant van dié organisasie waarneem. Sy is reeds sedert 2004 werksaam in die kerklike mediagroep en pak die nuwe uitdaging met groot entoesiasme aan.

GEVANGENSKALENDERS - CLF het soos die gebruik jaarliks is, weer in vanjaar in samewerking met Bybel-Media, kalenders vir gevangenes gedruk. Op die foto verskyn agter tweede van links mnr N Ncacamazana van DKD, Hedwig Moore, CLF Skakelhoof, mnr F Pretorius van DKD me Beatie Rickers, CLF verteenwoordiger (derde van regs agter) en past A Jefthas van DKD (heel regs) saam met slegs 'n paar van die gevangenes van Drakenstein Korrektiewe Dienste wat kalenders ontvang het.

Here, wees my genadig! Ek is elke dag van my lewe van u liefde en genade afhanklik. Sonder U kan ek niks doen nie; deur u genade is ek wat ek is. En help my om hierdie oorvloedige genade wat U uit liefde aan my skenk,nie vir myself te hou nie,maar dit te laat oorvloei na die mense wat ek op my lewenspad ontmoet.
Amen.

CLF neem afskeid

Mnr Walter Raath is op 23 Januarie 2009 na 'n lang siekbed oorlede.

Mnr Raath het 'n reuse rol gespeel om veral die eertydse Sendingpers en Sendinguitgewers uit niks op die been te bring. Hy het CLF sien groei van die eenvoudige ou tikmasjientjie van die middel vyftigerjare tot die groot pers, die sterk fonds en die uitgewery. (Die tikmasjientjie is vandag nog in CLF se besit.) Hy was 40 jaar verbonde aan CLF, waarvan 35 as bestuurder. Hy het deeglike fondamente gelê en 'n indrukwekkende reeks publikasies het in dié tyd die lig gesien.

Dr Abraham Dekker, stigter van CLF is in Julie 2008 oorlede. Hy het man-alleen sy droom aangepak om £20 000 in te samel om lektuur te ontwikkel. Hy het gou besef die bedrag is te min en vermeerder na £3 mil. Daar was baie teenstand, maar Dekker was vasbeslote en het die werk met groot deursettingsvermoë voortgesit. Die fonds wat opgebou en vandag steeds uitgebou word, stel CLF in staat om 'n groot hoeveelheid goeie, gratis en bekostigbare Christelike lektuur te versprei.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Pamflette help selfs met skooltake

Twee innoverende leerders van Velddrift het CLF se pamflette vir meer as die Bybelsgefundeerde boodskap ingespan. Elmorné en Elsuné Don van Velddrift het die Tik-pamflette gebruik vir hul skooltaak oor dwelms.

Dit is vir CLF baie belangrik om kinders op te voed oor die gevare van afhanklikheidsmiddels en wat die Bybel se boodskap daaromtrent is. Die hoop is ook dat soos kinders bewus word van die gevare van Tik en ander dwelms, hul ander sal waarsku teen die negatiewe uitwerking daarvan.

Die Bybel is duidelik daaroor dat jou liggaam 'n tempel van die Here is en dat dit geheilig moet word.

Die tweeling se ma, Lisa Don, werk al 'n geruime tyd by mnr en mev Koos en Fiena van Wyk, ondersteuners van Christelike Lektuurfonds. Dit is juis by mnr Van Wyk wat hulle die pamflette gekry het. Die Van Wyks het ook van die pamflette na die skool gestuur.

Mev Fiena van Wyk met Elmorné en Elsuné Don wat CLF se Tik-pamflette in hul skooltaak gebruik het.

SUNFIELD - Die posstukke wat CLF-ondersteuners ontvang, word met sorg en liefde verpak deur die inwoners van Sunfield, 'n beskermde werkswinkel en nasorgsentrum vir verstandelik gestremde volwassenes. Om dankie te sê vir hul harde werk, het CLF in Desember 'n aansteekbord aan hulle oorhandig waarop hulle nou hul beplanning volledig kan uitwerk. Op die foto verskyn van links Brinett Sapsford, Sharane April (personeel), Elizabeth Jordaan (personeel), Andrew Fourie, Alta Meynhardt (personeel), Valerie Basson, Ina Willemse (CLF) David Botha en Riaan Croesser.

Ondersteun CLF in jou testament

Die toekoms lyk soms vir baie onseker en ook CLF besef dat die uitdagings in die toekoms ook van ons sal verwag om 'n groter mate van ondersteuning van ons donateurs te kry as ons wil voortgaan om die Boodskap van die Bybel gratis na die wêreld te neem.

'n Baie betekenisvolle manier waarop mense wat omgee CLF in die verlede gehelp het, is 'n testamentêre bemaking. 'n Testamentêre bemaking aan CLF is 'n lewende herinnering. Jou omgee-daad sal bly leef in die harte van baie mense wie se lewens verander sal word deur CLF se gratis lektuur - omdat u genoeg omgegee het om 'n testamentêre bemaking agter te laat vir CLF. As u dus nie nou 'n gereelde bydrae kan maak weens ander verpligtinge nie, oorweeg dit om CLF te ondersteun in u testament. Vir meer inligting, skakel Hedwig Moore by 021 864 3707 of stuur 'n e-pos aan hedwig@clf.co.za. U kan ook skryf aan Privaatsak X19, Wellington, 7654.

Daar is steeds van ons ondersteuners wat die ou Bloemfontein-adres gebruik. Sedert die begin van hierdie jaar is die adres nie meer in gebruik nie, aangesien CLF nou reeds drie jaar in geheel van Wellington bedryf word. Maak asb seker dat u ons regte adres, soos voorop hierdie nuusbrief aangedui, gebruik.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Uit ons Possak

Baie dankie vir die moeite wat u gedoen het om CLF se pamflette vir ons te stuur. Dit is min dat 'n mens dit nog kry dat ander organisasies nog so 'n hand uitreik om ander by te staan met hul projekte. Ons waardeer hierdie gebaar meer as wat u ooit sal besef en sien daarna uit om in die toekoms met u saam te werk. HG

Al ons personeel is baie beïndruk met hoe mooi jul pamflette vertoon. HH

Ek het 'n direkte inbetaling gedoen vir die verspreiding van inligting rakende seksuele misbruik. Hierdie onderwerp lê my baie na aan die hart - was self daar. Mense MOET weet dat hul mag en moet praat - anders loop hul soos ek tot middeljare voordat berading verligting van pyn, selfverwerping en swak selfbeeld kon bring. A

Sterkte met julle werk. Bid vir elkeen betrokke in die groot werk van lektuurverspreiding. EW

Ek vergeet nie om vir u instansie te bid nie, dit is vir my 'n voorreg om dit te doen. BM

Baie dankie vir die pamflette. Ons vroue-oggend was 'n reuse sukses. VH

Duisend dankies vir al julle hulp en bystand met die pamflette. Dit is baie gewild en ek waardeer alles! EDJ

Ingeslote my bydrae vir CLF met die bede dat dit lig in menigte se lewens sal bring. Seënbede op die werk en 'n voorspoedige 2009 vir die personeel. KK

In many South African churches Easter Weekend is normally the most important church celebration of the year. During this weekend the Lord's crucifixion and his resurrection are celebrated in worship services, through choir singing and the Lord's supper. Very important is also the preaching on the seven words on the cross. This booklet is giving valuable guidelines on how to understand the real meaning of Easter and how to properly celebrate it. It is available from CLF at R39,95. Phone Esther at 021 864 6964.

Hoe kan u 'n geskenk aan CLF stuur?

Direkte deposito's en elektroniese bankoorplasings

U kan 'n **direkte deposito** maak in CLF se bankrekening. U kan dit persoonlik by die bank doen en u unieke verwysingsnommer wat bo u naam in die adreslys verskyn, en/of u naam en van en telefoonnommer as verwysing gebruik. Faks dan die depositostrokie aan ons by 021 864 3679 sodat ons u kan bedank vir u geskenk.
U kan ook 'n **elektroniese oorplasing** doen - gebruik dan u unieke verwysingsnommer as verwysing sodat ons u kan bedank.

Absa Paarl: Takkode: 632005
Rekeningnaam: Christelike Lektuurfonds
Rekeningnommer: 470 188 502

Onthou om u unieke verwysingsnommer as verwysing te gebruik op die depostiostrokie!

Debietorder

As u 'n geskenk per **debietorder** wil gee, vul die debietordergedeelte op die donasievorm in en pos of faks dit vir ons. CLF sal al die nodige adminstrasie rondom die transaksie hanteer.

Kredietkaart

U kan 'n eenmalige of selfs maandelikse geskenk met u **kredietkaart** maak. Vul asseblief u kredietkaart besonderhede op die ingeslote vorm in.

Tjeks

Tjeks kan uitgemaak word aan Christelike Lektuurfonds of CLF. Verskaf asb u unieke donateurnommer, naam en identiteitsnommer agter op die tjek.

Kontant

Vanweë bedrog wil ons u afraai om kontantskenkings per pos aan CLF te stuur. Die SA Poskantoor beskik oor donasiekoepons wat CLF na ontvangs weer terugruil vir kontant.

Die behoefte droog nie op nie — die middele om daarin te voorsien, wel. Help CLF om ons droom te verwesenlik - om die Boodskap van die Bybel na almal te neem - in hul eie taal.

"Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?" Rom 10:14-15